# Eljada
Die Here voorsien

"Vertel en Leef die Goeie Nuus"

GEREFORMEERDE KERK RIETVALLEI
vir God • vir mekaar • vir die wêreld

**7 Desember 2025**


**PREDIKANTE**

**Ds. Anton Dednam**
060 996 7291
anton@gkrietvallei.co.za
(Wyke met gelyke nrs.)

**Ds. Danie Potgieter**
072 272 9631
danie@gkrietvallei.co.za
(Wyke met ongelyke nrs.)

**SKRIBA**
Ouderling Deon Venter
083 376 7523
skriba@gkrietvallei.co.za

**DIAKONIE**
Diaken Annamarie van der Merwe
083 264 0328
avdm2@mweb.co.za

**OPERASIONELE BESTUURDER**
Ouderling Thomas Coetsee
061 197 3695
thomas@gkrietvallei.co.za

**SUSTERS**
gkrietvalleisusters@gmail.com

**FINANSIES**
Br. Albert v Vuuren
012 347 7362
fin@gkrietvallei.co.za

**ADMINISTRASIE**
Diaken Karen de Lange
012 347 7362
admin@gkrietvallei.co.za

**KOSTER**
Ouderling Thomas Coetsee
061 197 3695

**ORRELIS**
Sr. Christine v Helden
072 658 5664
christine@realaccounting.co.za

**ELJADA**
eljada@gkrietvallei.co.za


# WOORDBEDIENING

## OGGENDDIENS om 09:15

Lied 345: 1, 2, 3, 4
Lied 207: 2, 3, 4
SB 17-1: 1, 3, 5, 6
SB 4-6: 1

Skriflesing: Genesis 3 (1983 Vertaling), Heidelbergse Kategismus Sondag 3

> *" [8]Hulle het gehoor hoe die Here God in die tuin wandel teen die tyd dat die aandwind opkom, en die mens en sy vrou het vir die Here God weggekruip tussen die bome van die tuin. [9]Maar die Here God het na die mens geroep en vir hom gevra: "Waar is jy? [15]Daarna het die Here God vir die mens en sy vrou velklere gemaak, en hulle dit aangetrek."* Genesis 3: 8, 9 en 15.

## Tema: Geval, Gesoek en Getroos!

**In sonde geval**
- Die mens het begeer om meer te wees, om soos God te wees.
- Ongehoorsaam verval hulle in sonde. Gee toe aan verkeerde raad en begeertes.
- Hulle oë gaan oop, maar die reaksie is nie wat hulle verwag het nie. Bewend vlug die mens en probeer van God wegkruip. Geval, gevlug.

**God soek die mens op**
- Adam en Eva kruip bewend weg tussen die bome van die tuin.
- Wat doen God? Hy soek die mens op. Hy roep na hulle en maak vir hulle klere van leer.
- Wonderbaarlik het die Here ons ook geroep, nog voor die skepping van die aarde.
- God soek sy verlore skape op.

**Getroos deur die oorwinning van Christus**
- Die troos en oorwinning word reeds aan Adam en Eva bekend gemaak.
- Ja, hulle gaan met groot moeite leef in die vervalle wêreld en die aanslae van die Satan beleef.
- Maar die Een kom wat die kop gaan vermorsel. So het Christus dan ook gekom en die Satan oorwin.
- 'n Oorwinning wat eendag duidelik gaan wees met die koms van Christus!

# WOORDBEDIENING

## AANDDIENS om 18:00

Psalm 45:1,6,7,10.

Psalm 22:9,10,11.

SB 3-3:1,2,3,4,5,6. (Beurtsang)

Skriflesing: Johannes 12: 1 - 8 (1983 Vertaling)

> *“ 3 Toe het Maria 'n halfliter egte, baie duur nardusolie gebring en dit op Jesus se voete uitgegiet en sy voete met haar hare afgedroog.* ***Die hele huis is deurtrek met die geur van die reukolie.”***
>
> *Johannes 12:3*

**Tema: Versprei die lieflike geur van Jesus Christus se salwing.**

1. Christus se begrafnis — salwing met duur nardus-olie.
2. Die teenstand teen die salwing.
3. Die reaksie van Christus.

# Verjaardae

**BAIE GELUK**

*Saam met elke lidmaat wat hierdie week verjaar, dank ons die Here vir nog 'n geseënde lewensjaar.*

*Br. Louis van Zyl (D01) vier DV 13 Des sy 83ste verjaarsdag. Sr. Rita Bessinger (A10) vier DV 16 Des haar 85ste verjaasrdag. Br. Karel Hubee (A32) vier DV 19 Des sy 85ste verjaarsdag. Br. Jan vd Walt (D09) vier DV 26 Des sy 85ste verjaarsdag.*

*Sr. Henriette Hubee (A32) vier DV 10 Januarie haar 84ste verjaarsdag.*

*Ons bid hulle in die besonder maar ook vir elke lidmaat wat verjaar die Here se genade en vrede vir 'n vreugdevolle nuwe lewensjaar toe.*

*"Met my hele hart wil ek U prys, Here, wil ek van u magtige reddingsdade vertel." PSALMS 9:2 AFR83*

| BELYDENDE LIDMATE | | | |
|---|---|---|---|
| 07 Des | Louis Coetzee | | D09 |
| 07 Des | Nicolette Steyn | | D27 |
| 08 Des | Hettie Bornman | | A06 |
| 09 Des | Mariana Kruger | | A24 |
| 09 Des | Marita Langerak | | D07 |
| 10 Des | Lichell vd Westhuizen | | D33 |
| 11 Des | Johan Barnard | | D09 |
| 11 Des | Retha Botha | | A26 |
| 11 Des | Salie Klopper | | A18 |
| 12 Des | Gerda Eybers | | A10 |
| 12 Des | Nicolene Prinsloo | | A10 |
| 13 Des | Pieter du Plessis | | D17 |
| 13 Des | Danie Potgieter | | A06 |
| 13 Des | Henri vd Merwe | | A16 |
| 13 Des | Louis van Zyl | | D01 |
| 15 Des | Hanno den Boer | | D23 |
| 15 Des | Niel Edwards | | D27 |
| 15 Des | Ida Sonnekus | | A14 |
| 16 Des | Rita Bessinger | | A10 |
| 17 Des | Mariaan Marx | | D25 |
| 18 Des | Dorita Erasmus | | D13 |
| 19 Des | Karel Hubee | | A32 |
| 19 Des | Sunette Schaafsma | | A16 |
| 19 Des | Ruan Schutte | | D23 |
| 20 Des | Lendie Alexander | | A06 |
| 20 Des | Lenore Dirker | | D13 |
| 20 Des | Carina Kurpershoek | | D05 |
| 20 Des | Cornelia Meyer | | A16 |
| 20 Des | Marna Roberts | | A20 |
| 20 Des | Hendrik Steenkamp | | D15 |
| 20 Des | Hannes v Staden | | D15 |

| BELYDENDE LIDMATE | | | |
|---|---|---|---|
| 20 Des | Ulene Vos | | A04 |
| 21 Des | Anita Olivier | | D21 |
| 21 Des | Jaco Pienaar | | D17 |
| 21 Des | Basie vd Merwe | | A24 |
| 22 Des | Waldo Hattingh | | A14 |
| 22 Des | Stefan Kleynhans | | D31 |
| 22 Des | Lorenza Wessels | | D23 |
| 24 Des | Marie Claassen | | A20 |
| 24 Des | Susan Coetzee | | D21 |
| 25 Des | Paul Jordaan | | A08 |
| 25 Des | Koos Steenkamp | | A06 |
| 26 Des | Hilda du Plessis | | D35 |
| 26 Des | Andrew Hearn | | A26 |
| 26 Des | Anami Martinson | | A22 |
| 26 Des | Jan vd Walt | | D09 |
| 26 Des | Dirk van Zyl | | D15 |
| 27 Des | Matt Ceronio | | A02 |
| 27 Des | Marike Langerak | | D07 |
| 27 Des | Carl Venter | | D33 |
| 28 Des | Lulu du Plessis | | D17 |
| 28 Des | Renè Fourie | | D15 |
| 28 Des | Melisa Schwartz | | D33 |
| 28 Des | Francois Sonnekus | | A14 |
| 30 Des | Thea Myburgh | | D35 |
| 30 Des | Ria van Biljon | | D29 |
| 31 Des | Neall Madden | | D13 |
| 31 Des | Elsie Naude | | A02 |
| **DOOPLIDMATE** | | | |
| 07 Des | Awie Engelbrecht | | A12 |
| 07 Des | Lika Viljoen | | D27 |
| 10 Des | Elisna Opperman | | D15 |

**BAIE GELUK**

*Saam met elke lidmaat wat hierdie week verjaar, dank ons die Here vir nog 'n geseënde lewensjaar.*

*Br. Louis van Zyl (D01) vier DV 13 Des sy 83ste verjaarsdag. Sr. Rita Bessinger (A10) vier DV 16 Des haar 85ste verjaasrdag. Br. Karel Hubee (A32) vier DV 19 Des sy 85ste verjaarsdag. Br. Jan vd Walt (D09) vier DV 26 Des sy 85ste verjaarsdag.*

*Sr. Henriette Hubee (A32) vier DV 10 Januarie haar 84ste verjaarsdag.*

*Ons bid hulle in die besonder maar ook vir elke lidmaat wat verjaar die Here se genade en vrede vir 'n vreugdevolle nuwe lewensjaar toe.*

*"Met my hele hart wil ek U prys, Here, wil ek van u magtige reddingsdade vertel." PSALMS 9:2 AFR83*

## DOOPLIDMATE

| | | | |
|---|---|---|---|
| 12 Des | Markus Neeb | | A30 |
| 14 Des | Janco Steyl | | D11 |
| 15 Des | Leeuwen Ehlers | | D23 |
| 15 Des | Tylo Kruger | | D15 |
| 15 Des | Estian Serfontein | | A22 |
| 15 Des | Karlien Serfontein | | A22 |
| 17 Des | Cyle Rheder | | A16 |
| 20 Des | Carlè Fourie | | D29 |
| 22 Des | André Meyer | | A16 |
| 22 Des | Megan Pieters | | A26 |
| 24 Des | Albertus van Niekerk | | A16 |
| 28 Des | Jacobus Strydom | | D17 |
| 29 Des | Lumé Bezuidenhout | | D29 |
| 29 Des | Johan Fourie | | D15 |
| 29 Des | Cara Louw | | A10 |
| 30 Des | Arlu Botha | | A26 |
| 31 Des | Marelie Venter | | D27 |

## BELYDENDE LIDMATE 2026

| | | | |
|---|---|---|---|
| 01 Jan | Chris Muller | | D11 |
| 01 Jan | Leanne Venter | | D27 |
| 02 Jan | Joma Coetsee | | A04 |
| 02 Jan | Christine Lourens | | A10 |
| 02 Jan | Quinzelle Snyman | | A12 |
| 02 Jan | Maryn van Rooyen | | A04 |
| 03 Jan | Rita de Vos | | A30 |
| 03 Jan | Talene Engelbrecht | | A12 |
| 03 Jan | Alethea Mycock | | A14 |
| 03 Jan | Rina Oosthuizen | | A08 |
| 03 Jan | Ansu vd Linde | | A28 |
| 04 Jan | Bradley Schoeman | | A22 |
| 04 Jan | Regardt v Heerden | | D15 |

## BELYDENDE LIDMATE 2026

| | | | |
|---|---|---|---|
| 04 Jan | Arne Verster | | A24 |
| 05 Jan | Sarina Nel | | D03 |
| 05 Jan | Retsi Stubbs | | D05 |
| 05 Jan | Marlet vd Westhuizen | | A04 |
| 06 Jan | José Panoias | | D25 |
| 06 Jan | Petrune Reitsma | | A30 |
| 07 Jan | Wilhelm Heystek | | A18 |
| 08 Jan | Annemie Naude | | A02 |
| 08 Jan | Franci Steenkamp | | D15 |
| 09 Jan | Anton Dednam | | D13 |
| 09 Jan | Louisa Gericke | | A12 |
| 09 Jan | Erna Klopper | | A04 |
| 09 Jan | Elri Oosthuizen | | A16 |
| 09 Jan | Anina Rademan | | D33 |
| 09 Jan | Leona Reyneke | | A24 |
| 10 Jan | Gerbrie du Preez | | D25 |
| 10 Jan | Henriette Hubee | | A32 |
| 10 Jan | Andre Janse v Vuuren | | A02 |

## DOOPLIDMATE 2026

| | | | |
|---|---|---|---|
| 01 Jan | Annika Ligthelm | | A16 |
| 02 Jan | Jennifer Alexander | | A06 |
| 02 Jan | Ananda de Bruin | | A04 |
| 02 Jan | Stiaan Prinsloo | | A22 |
| 03 Jan | Elré Smit | | D23 |
| 03 Jan | Janco Viljoen | | A02 |
| 04 Jan | Zani van der Linde | | D27 |
| 06 Jan | Keila Botha | | A06 |
| 07 Jan | Haley Baker | | D13 |
| 08 Jan | Johan Coetzee | | D17 |
| 09 Jan | Jaylee Greeff | | A10 |
| 10 Jan | Lohan Boshoff | | D23 |

# Inligting

**PREDIKANTE**

Ds. Danie is met verlof vanaf 9 Desember tot en met 31 Desember .

Beide ds. Anton en ds. Danie is afgevaardig om die ALGEMENE SINODE vanaf 5-10 Januarie 2026 by te woon.

**President Kruger Kinderhuis**

Let asb: Die President Krugerkinderhuis badkamerbenodigd-hede projek sluit vir bydraes volgende Sondag, 14 Desember 2025.

***HUISBESOEK VERSOEKVORM***

Indien u graag huisbesoek deur 'n predikant of ouderling wil hê, versoek ons u om die vorm te voltooi en in die kassie te plaas, beide in die voorportaal. Alle inligting word streng vertroulik hanteer. Hierdie versoeke vervang nie die normale ouderling- en diaken-huisbesoeke nie.

# Meelewing

***Die volgende lidmate word aan die sorg van ons Here opgedra:***

- Br. Hanno den Boer (D23) het 'n operasie ondergaan en word nog gehospitaliseer.
- Br. Johan Scott (D05) het goeie vordering getoon en is ontslaan, maar die herstelpad is nog lank.

**BAIE GELUK:**

Baie geluk aan Marthinus van Staden en Elenah van Staden wat toekennnings as Junior Sportman en - Sportvrou ontvang het.

Baie geluk ook aan hulle ouers br. Hannes en sr. Elzanne van Staden (D15)

# Inligting

**Kollekte by deure vir die MUKHANYO BEDIENING**

**Kollekte onder die diens gaan vir die barmhartigheids-diens van die diakens**

Mukhanyo Theological College wat Gereformeerde teologiese opleiding in KwaMhlanga, Pretoria, Rustenburg, Johannesburg en Durban aanbied.

Help asseblief om die gemotiveerde Christelike predikers en ander kerkleiers op te lei.

Dankie vir u bydrae.

**RIETVALLEI SE BANKREKENING-BESONDERHEDE**

**Kerkkas:** Rekeningnommer: 34 9014 4306
Gebruik asb. verwysing:
WYK VAN NAAM

**Diakonie:** Rekeningnommer: 40 5113 8620

**Susters:** Rekeningnommer: 40 9473 9097

**Franse Mediabediening:** 40 4878 6755

Al die rekeninge is by ABSA takkode: 632 005

## 7 - 15 Des

Aktiwiteite hierdie week

**VANDAG - 7 Desember**

Skinkbeurt – A20 & D27

**MAANDAG - 8 Desember**

Pluimbal 16:00 – 20:00 (Saal)

**MAANDAG - 15 Desember**

Pluimbal 16:00 – 20:00 (Saal)

## Eljada

Hierdie is die laaste uitgawe van Eljada vir 2025. Die eerste uitgawe vir die nuwe jaar sal op 11 Januarie 2026 verskyn.

Stuur asseblief enige voorstelle na eljada@gkrietvallei.co.za.
Vir gebedsversoeke tydens die vakansie, stuur asb na 082 326 8968.

Namens die Eljada-span wens ons elkeen ’n geseënde Christusfees toe.

*“Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.” JESAJA 9:5*

# Skinkbeurte Desember 2025

GEREFORMEERDE KERK RIETVALLEI
vir God • vir mekaar • vir die wêreld

- 7 Des- Sondag
  - A20 & D27
- 14 Des - Sondag
  - Vrywilligers

**Geen skinkbeurte:**

- 21 Des - Sondag
- 25 Des - Donderdag (kersdag)
- 28 Des - Sondag

**Sustersbestuurslid aan diens:**
Karin Holtzhausen - 082 726 2136

**Kontak Karin vir enige navrae rakende die kombuis en ander suster-sake gedurende Desember**

GK susters RIETVALLEI

Aan ons geliefde gemeente – baie dankie vir julle ondersteuning, liefde en betrokkenheid deur die afgelope jaar. Elke gebed, bydrae en bemoedigende woord het ons gedra deur die bediening. Ons het werklik ervaar hoe God deur sy mense werk, en hoe sterk 'n geloofsgemeenskap kan wees wanneer ons saamstaan in diens van die Here.

Dankie dat julle saam met ons gewandel het in projekte, uitreike, Bybelstudies en elke geleentheid waar ons die Here kon verheerlik. Julle omgee en deelnemende harte het die susterswerk nie net moontlik gemaak nie, maar besonders.

Ons waardeer julle opreg, en ons bid dat God julle ryklik sal seën. Mag ons in die nuwe jaar steeds hand aan hand en hart aan hart die Here se lig uitdra.

Sustersbestuur 2025

# BYBELVERSPREIDING

Ons buig in dankbaarheid voor ons HERE vir sy genade en voorsiening wat GK Rietvallei weereens in ’n posisie geplaas het om deel te wees van die pogings van die Bybelgenootskap van Suid Afrika om Bybels aan behoeftige gelowiges te versprei.

Ons kon gedurende 2025 ’n totaal van **335 Bybels**, 20 kopieë van die Setswana vertaling van die Evangelie van Johannes en 70 Bybelse Doen-en-Leer boekies aankoop en vir verspreiding beskikbaar te stel. Hiervoor ’n groot dankie aan individuele lidmate en ander diensgroepe soos die uitreike na Ramotse, Botswana, Crossroads Prison Ministries en TOPIA vir hulle betrokkenheid by Bybelverspreiding.

Een van die nuwe hoogtepunte in 2025 was die geleentheid waar 38 Afrikaanse Bybels (2020-vertaling) aan kinders by die Helpende Hand naskoolsentrum by GK Derdepoort oorhandig kon word.

Danksy die opbrengs van die muntlegging in Augustus, wat R6 889 opgelewer het en ruim bydraes van lidmate is ons in ’n posisie om ’n verdere R20 000 aan die Bybelgenootskap oor te betaal. Sodoende kan die druk en verspreiding van ’n verdere 200 Bybels geborg word.

Baie dankie aan elke lidmaat se finansiële bydrae deur die loop van die jaar vir Bybelverspreiding. Baie dankie vir voorbidding vir hierdie dienswerk. Mag die HERE steeds die verspreiding van die woord seën, nie net deur die uitdeel van Bybels nie, maar ook dat elkeen wat ’n Bybel in die hand neem, deur God se woord versterk en bemoedig sal word.

# EVK (Evangelisasie Kommissie)

Evangelisasie Kommissie vergader vandag na erediens in Moederskamer.
Almal welkom. Kom raak betrokke!


GK Rietvallei Susters GEE-projek 2025
Gee HOOP
Gee LIEFDE
help 19
gesinne
voor 2026
GEE-projek


Ons
visie
Daar is tans 19 gesinne wat deur ons gemeente (diakonie) ondersteun word. Die susters wil graag deur middel van skenkings en donasies vir elke gesin 'n bederf-pakkie oorhandig voor die einde van die jaar!


Wat kan jy
skenk?
Kosblikke/waterbottels
Geskenkies
Boeke of tydskrifte
Skryfbehoeftes
Badkamerbenodighede
Kruideniersware
Geskenkbewyse
Kontant
Kontant donasies ook welkom:
Sustersrekening
ABSA Tjek
4094 739 097
Verwysing: GEE-projek

# VEG REG

**12 & 13 Januarie (Skole begin die 14de)**
**Gereformeerde Kerk Rietvallei**

***Vir 5 tot 13 jariges***
***Met hulp van studente & ander jongmense***

Wat doen ons voorskoolse en laerskoolkinders die twee dae voor die skole in Januarie begin? ***Veg Reg***: 'n Interessante program van vaardigheid en pret!

Op pad werk toe, kom laai julle ouers jul vir die oggend of sommer vir die hele dag af by GK Rietvallei. **Met pret** leer julle dan om op verskillende terreine ***reg te veg***:

- **Geestelik:** Hoe verdedig ek as Christen my geloof?
- **Emosioneel:** Hoe help ek as gelowige om seer te hanteer?
- **Fisies:** Hoe staan ek my man/vrou in gevaar of waar ook al?
- **Sosiaal:** Vaardigheid met mense & aktiwiteite

**Ouers:** Laat weet asseblief per e-pos vir Rietvallei kerkkantoor by admin@gkrietvallei.co.za die name en ouderdomme van kinders wat wil kom, saam met jul kontaknommers. Die koste is R50 per kind per dag, waarmee ons sorg vir ietsie te ete en te drinke.

**Studente & ander jongmense:** Ons kort julle hulp met hierdie aksie! WhatsApp asseblief vir oom Henk Stoker by 0823278921 dan gesels ons verder.








Krokodilbrug – Kruger Nasionale Park

# 24 September tot 4 Oktober 2026



Koste: **R514.09** per nag vir 2 volwassenes
Ekstra volwassene **R116** per persoon per nag
Kinders 2-12 jaar **R58** per persoon per nag
Kinders onder 2 Gratis
2x2bed Safaris Tent **R958.49** per nag vir 2 persone
1x3bed Huisie **R2192.71** per nag vir 2 persone



**Daar is 18 staanplekke beskikbaar**

Kontak Karen by admin@gkrietvallei.co.za


GK RIETVALLEI
GEMEENTEKAMP
2026
ZORGVLIET
23 - 28 SEPTEMBER

## Bril-projek

Wat 'n wonderlike projek! Altesaam **136 brille** is deur die gemeente van Rietvallei geskenk. Baie dankie aan almal wat die moeite gedoen het en skenkings gemaak het. Soveel gelukkige gesigte wat bril na bril kon aanpas en die Bybel weer kon lees! Dit maak mens se hart sommer swel van waardering en dankbaarheid. Dankie aan ds Johannes, Oupa van Ramotse en Eltricia wat toegesien het dat die brille aan behoeftige mense uitgedeel is. Ook dankie aan Gerrit wat gehelp het om van die baie dasse, wat ook ingesamel is, na Olievenhout te neem.

Ons deel graag 'n paar foto's met julle.

Dankbaarheidsgroete, Deon en Annamarie Venter












## Bril-projek foto's:



















# BEROEPE NUUS

## Beroepe ontvang

- ✝ Ds N (Nardus) Buys van GK Bothaville na GK Kuruman
- ✝ Proponent JEI (Irving) de Swardt na GK Kroonstad
- ✝ Ds JG (Jan) Ehlers van GK Meyerton na GK Odendaalsrus
- ✝ Ds SJB (Hannes) Lee van GK Messina na GK Daspoort

## Beroepe aanvaar

- ✝ Ds WJ (Wimpie) Jansen van Vuuren van GK Middelburg [Oos Kaap] na GK Vaalpark.

